<u>Leeskaart</u>

<u>Bokkie</u>

Ek wonder of die gras onder die rant nie sappiger gaan wees as hierdie droë graspolle nie, wonder Bokkie terwyl sy langs haar ma in die trop staan. Toe haar ma nie kyk nie, spring sy rats weg en sommer gou is sy by die heerlike, groen gras. Dit is darem baie lekker, dink sy terwyl die groen sap by haar mondhoekies afdrup. Stadig dwaal sy al verder weg.



Toe Bokkie na 'n uur weer terugtrippel na die plek waar sy van haar ma weggedwaal het, word haar hart yskoud. Daar is niemand nie! Net 'n warboel spore op die grond. Eers wil sy huil, maar dan sê sy vir haarself dat sy nou moet kophou. Sy kyk fyn na die spore totdat sy die spoor vind wat soos haar ma s'n lyk. Iets moes hulle laat skrik het, want die spore lê diep in die grond.

Bokkie sien dat haar ma se spoor wegbreek van die trop en langs 'n voetpaadjie loop. Die spore is wankelrig en nie meer reguit nie en hier is die bossies platgedruk asof haar ma gestruikel het. Het haar ma dan seergekry? Bokkie gaan staan botstil in die paadjie: daar is bloed op die spoor!



<u>Opdrag: Lees die stuk hardop vir 'n maat of vir juffrou.</u>

1. Skryf die woorde wat onderstreep is, in <u>let+ter+gre+pe</u>.
2. Maak jou eie <u>sinne</u> met die volgende woorde, die betekenis moet duidelik wees: a) warboel; (b) gestruikel; (c) kophou; (d) botstil; (e) wankelrig
3. Skryf vyf woorde neer wat <u>SAMESTELLINGS</u> is. Bv. tafeldoek = tafel + doek.

<u>Lettergrepe:</u>

Sappiger: ……………………………………………………………………………………… graspolle: ………………………………………………………………………….

sommer: ……………………………………………………………………………………… heerlike: …………………………………………………………………

darem: ………………………………………………………………….
mondhoekies: ………………………………………………………………………………………

terugtrippel: ………………………………………………………………………………